'n Groep F1-koeie met hulle F2-kalwers

Basterweelde vir 'n harde wêreld

deur Izak Hofmeyr

Eloff en Christelle Muller is die sesde geslag Mullers wat op die plaas, Athlone, in die Herbertsdale-omgewing naby Mosselbaai boer, en hulle seun Stephen die sewende.

Vir meer as 40 jaar was die Mullers grootraam Europese-ras stoetboere. Maar nie meer nie. Vandag is hulle Boran-mense. En vertel hulle my, hulle het nog nie 'n oomblik teruggekyk nie.

"Ons het begin besef dat ons ernstig sal moet herbesin oor ons boerderypraktyke hier in ons wêreld om onsself te rat vir 'n meer volhoubare besigheid," verduidelik Eloff. "Ons boer hier in 'n baie wisselvallige omgewing. Dis 'n harde boerderywêreld en ek het toenemend tot die besef gekom dat veranderende omstandighede 'n verandering in ons benadering vereis."

Die bergagtige aard van die omgewing, tesame met die toename in wildplase, het daartoe gelei dat die ongedierte-probleem drasties toegeneem het. Dit raak al minder winsgewend om ekstensief met kleinvee te boer.

Skaap na bees

"Ons was tradisioneel maar altyd hoofsaaklik skaapboere, maar ek het oor tyd 'n totale kopskuif gemaak oor waarheen ons met ons boerdery op pad is. Op die ou end is jou vermoë om by veranderende omstandighede aan te pas die sleutel tot jou vermoë om volhoubaar te bly boer. En ons ervaar beslis drastiese veranderinge.

"Een daarvan is klimaatsverandering wat ons sonder twyfel hier in ons wêreld begin voel. Verder is die ongedierte-probleem en toenemende stygings in insetkostes faktore wat ernstige implikasies vir ons volhoubaarheid begin inhou het. Nog 'n faktor is die veranderende verbruikersvoorkeure ten opsigte van vleisverbruik, wat ons glo in die toekoms 'n al hoe groter rol gaan speel."

Herbeplan

Met al hierdie faktore in gedagte, het die Mullers hulle boerdery herbeplan. Die eerste verandering wat hulle gemaak het, was om van die grootraam Europese beeste,

wat hoë insette vereis, oor te skakel na 'n makliker, meer ekstensiewe bees.

"Dit was ook vir my duidelik dat ons die beesboerdery sal moet uitbrei om beter gebruik te maak van die beskikbare veld wat ons het. Ons veld wissel van die suur bergveld, wat die grootste deel van ons grond beslaan, tot die soeter veld nader aan die kus. Ons reënval wissel tussen 400 en 600 mm per jaar.

"Ons het heelwat lande wat onder aangeplante weidings gevestig is – droëland lusernweidings op die dieper rooigrond nader aan die kus, en dan hoofsaaklik hawer op die suur bergagtige dele. Om volhoubaarheid te verseker, het ons van konvensionele na minimumbewerkingspraktyke oorgeskakel. Die skape benut die weidings, maar ons het gesoek na 'n beesras wat die veld doeltreffend kan benut."

Die Mullers: Stephen staan links, dan Christelle en Eloff

'n Kombinasie van eienskappe

"Aanvanklik het ek na Nguni's oorgeskakel, en glo my, die Nguni is 'n baie goeie bees, maar ek het gevoel ek soek 'n swaarder speenkalf. Dit was in my soektog na die kombinasie van hierdie eienskappe – gehardheid en goeie groei – dat ek op die Boran afgekom het.

"Die afslaer, Johan van der Nest, het die Boran aan my bekend gestel en ek het aanvanklik 'n bul by Tim Ralfe van Estcourt in KwaZulu-Natal gekoop met die doel om kruisteling op die Nguni's te doen. Die resultate met daardie F1-kalwers was uitstekend, en dis toe dat ek besluit het om volledig na die Boran oor te skakel. Ek het my Nguni's begin opgradeer en ook 'n kudde suiwer Borane gekoop."

Basterweelde

Die Boran, verduidelik hy, het geweldige basterweelde, spesifiek as gevolg van sy genetiese samestelling. Hy is 66% *Bos indicus,* 24% Europese *Bos taurus* en 12% Afrika Bos taurus. Sover bekend is hy aan geen ander ras verwant nie, wat hom die ideale kruisbees maak. Jy kan hom met ewe veel welslae na die *Bos indicus* en die *Bos taurus* kant toe kruis. Hy is 'n geharde, vroegryp ras wat baie vrugbaar is. Hulle koei-tot-kalf speenverhouding is fenomenaal. Hulle haal met gemak 50% en meer. Verder is hy 'n maklike bees om mee te boer en vereis hy die minimum insette in terme van bosluisbestryding.

"Sedert ons die Borane het, het ons letterlik nog geen geval van rooiwater of galsiekte gehad nie. En ons is in strawwe rooiwater en galsiekte-wêreld geleë."

Met die besluit om na die Boran oor te skakel het Eloff, op grond van sy ondervinding in die stoetbedryf, ook besef dat hy, as hulle suksesvol wou wees, onder die top 3% van die land se Borantelers sal moet tel. Dit beteken dat hulle die heel beste beskikbare genetika sou moes bekom.

En toe verkoop Terry McLintock van Vryburg sy Keta Boranstoet uit.

Die beste genetika

"Hy het van die heel beste Borangenetika in die wêreld gehad wat hy deur middel van embrio's ingebring het. Sy seleksiefokus het spesifiek op vroegryp mediumraamdiere met goeie skedes geval. En hy het ook vir rooi diere geselekteer, omdat dit is wat Suid-Afrikaanse boere verkies. Ek kon van hierdie diere in die hande kry en hulle het die basis gevorm van ons Tambaraine-stoet. Ons stoet bestaan nou uit die beste genetika van Kenia (65%), Zambië (22%) en Zimbabwe (3%). Die oorblywende 10% is ons eie teling."

Die Mullers het sommer gou hulle merk in die Boranwêreld gemaak toe een van hulle bulle, TLM 05-526 (Koning) 'n prys van R900 000 op 'n produksieveiling behaal het – die hoogste prys vir enige bul ooit in Suid-Afrika. Hy is as maand-oue kalfie saam met sy moer, TLM02-17, op die McLintock-veiling gekoop. Sy het destyds die hoogste prys vir 'n Borankoei behaal to Eloff haar vir R160 000 gekoop het.

Belangstelling

Eloff is tans die president van die Borantelersgenootskap. Die groei van die genootskap, sê hy, is iets ongelooflik.

"Toe ek destyds in 2006 as lid aangesluit het, was ek om en by die dertigste lid. Tans staan ons op 300 lede en die belangstelling in die ras groei steeds. Die ouens begin nou eers werklik sien wat die bulle in die kommersiële sektor doen, en ek dink dit is die rede waarom die pryse so stabiel hoog bly."

Vanweë die basterweelde is die ras by uitstek geskik vir kruisteling.

Sedert ons die Borane het, het ons letterlik nog geen geval van rooiwater of galsiekte gehad nie. En ons is in strawwe rooiwater en galsiekte-wêreld geleë

"Ek sien die ras uit en uit as 'n moederlyn, maar dit sal nog baie lank neem voor Borane groot op kommersiële skaal geboer sal word – hulle is doodeenvoudig nog te duur. Maar die bore koop Boranbulle en teel dan op tot F2, wat 75% Boran is. Hierdie koeie is dan die ideale moederlyn vir kruisings met grootraamrasse, of om verder op te teel na suiwer Boran.

Die bul TLM02-12, hoofstoetbul in die Tambaraine-kudde

"Daar is dus verskillende opsies om te volg. Jy kan speenkalwers vir die voerkraal produseer of jy kan sy gehardheid gebruik om die nismark vir organiese vleis te bedien."

Die Mullers bedryf ook 'n KI- en embriostasie op hulle plaas. Die rede hiervoor, vertel Eloff, is juis omdat die vraag na genetiese materiaal so hoog is, en waarskynlik nog vir lank so gaan bly.

'n Sinvolle lamstelsel

'n Verdere deel van hulle herbesinning oor hulle boerdery het oor die skape gegaan, wat steeds sowat 70% van hulle boerdery uitmaak.

"Ook in reaksie op ons veranderende omstandighede, het ons van Merino's na die Dohne Merino oorgeskakel. Sy vleis-wolverhouding maak hom net meer van 'n volhoubare ras hier in ons wêreld. En as jy na die reële groei van die vleisprys teenoor die wolprys die afgelope klompie jare kyk, maak dit vir my sin om meer op vleis as wolproduksie te konsentreer."

Verder is hulle ook besig om 'n agt-maande lamstelsel te implementeer.

"Die implikasie van 'n agt-maandestelsel is dat jy nou 50% meer lammers per jaar kan bemark. Die finansiële voordeel hiervan is astronomies."

Om die ongedierteprobleem die hoof te bied het hulle begin om veewagters reg deur die nag op diens te hê by die skape. "Die effek op ons veeverliese was dramaties. Skielik het ons feitlik geen probleme meer gehad nie.

"Die veewagters loop met vuvuzelas in die veld rond en maak elke nou en dan 'n geraas. Dit hou die ongediertes heeltemal weg van die skape af. En die sporadiese potslagtery het ook heeltemal opgehou."

Volhoubaarheid

Al hierdie veranderinge in hulle boerderystelsel, sê Eloff, gaan oor volhoubaarheid.

"Ons visie is om te sorg dat nie net ons familie se besigheid nie, maar voedselproduksie in die land volhoubaar kan bly geskied. Dit beteken dat jy voortdurend gereed moet wees om die regte aanpassings op die regte tyd te maak.

"Die Boran se veelsydigheid plaas ons in 'n posisie om dit te kan doen." VP

Veeboere hoef nooit weer in die stad te oornag nie!

KoelenRust

KoelenRust gasteplaas bied jou die geleentheid om jou sake in die stad af te handel, maar steeds in 'n plaasatmosfeer te oornag.

- Verwyder van die stad se gewoel en geraas.
- Slegs 30 minute vanaf Johannesburg en Pretoria.
- Geleë in die Muldersdrift-omgewing.
- Ideaal vir boerevergaderings, funksies, werkswinkels, opleiding en seminare.

Ervaar eg-Afrikaanse gasvryheid reg by die stad!

Inligting en navrae
Salomè
Sel: 076 033 2122
E-pos: info@koelenrust.co.za
Webblad: koelenrust.co.za